



WELTEWOORD

Verkiesingskoors

Neil du Plessis



Met die algemene verkiesing om die draai is dit moeilik om nie geraak te word deur die verkiesingskoors wat tans in die land heers nie. Lamppale, koerantberigte, aktuele programme op TV, radio-advertensies en politieke leiers in sportstadions vol ondersteuners versprei die boodskap hard en duidelik dat Suid-Afrikaners op 8 Mei vanjaar weer die geleentheid het om hulle kruisies te trek vir die party en leiers van hulle keuse. Kommentaar op sosiale media is uiteenlopend en 'n mens lees ook van baie mense wat sukkel om te besluit watter party of leier hulle stem en vertroue werd is vir die volgende termyn. Heelparty mense wonder selfs of dit enigsins die moeite werd is om nog te stem.

Gelowiges word nie van verkiesingskoors gevrywaar nie en worstel ook met bogenoemde. 'n Ander vraag wat hieruit voortspruit is: Het die kerk iets te sê oor, of 'n rol te speel in die politiek van die dag? Veral binne die NG Kerk is ons huiwerig en sensitief hieroor aangesien ons vanuit 'n lang tradisie kom waar kerk en staat 'n skeefgetrekte verhouding gehad het, in so 'n mate dat die suiwer verkondiging van die Evangelie geweldig skade gely het.

In my nadenke oor geloof, die politiek en die verkiesing kan ek nie help om te dink dat dit darem interessant sou wees om te weet vir watter party Jesus sou stem indien Hy 8 Mei by 'n stembus sou opdaag nie? Hoe sou die huidige temas in ons land, byvoorbeeld die getuienis voor die Zondo-kommissie; die trae ekonomiese groeikoers; die hoë persentasie werkloosheid; die miljoene mense afhanklik van staatstoelaes; swak dienslewering; hoë vlakke van misdaad; geweld in skole; die uitdagings rondom Eskom en 'n swak openbare gesondheidsorg Hom beïnvloed oor waar Hy moontlik sy kruisie sou trek? Hoe sou Hy reageer op politieke leiers wat godsdiens inspan om kiesers te voer met stellings soos dat sekere leiers soos die Messias is of dat sekere partye sal regeer selfs nadat Jesus se wederkoms plaasgevind het?

'n Klompie jare gelede het daar 'n beweging ontstaan waar mense WWJD (What would Jesus do?) armbandjies dra. Wanneer dit by die politiek kom dink ek die vraag moet eerder wees "Wat het Jesus reeds gedoen?" Jesus het 'n unieke verhouding met politieke (en kerklike) leiers van sy tyd gehad. Anders as Sy volgelingen (met politieke aspirasies om die Jode van 'n Romeinse sisteem van onderdrukking te bevry) het Jesus geen aspirasies gehad om 'n aardse koninkryk te hervorm of 'n nuwe party te stig nie. Sy doel was eerder om die hele sisteem te vervang met 'n nuwe koninkryk – 'n nuwe bedeling waar ander waardes geld as dit wat ons tans in ons politieke landskap sien. In Jesus se koninkryk (of nuwe party ter wille van die verkiesingsmetafoor) word mense bv. nie omgekoop met T-hemde, berets en kitskospakkies nie, maar gevoed met die Brood van die Lewe (vgl. Joh. 6). In Jesus se nuwe koninkryk is daar nie net 'n bepaalde aantal setels wat gereserveer word vir die gewildste leiers nie, maar word almal wat Hom aanneem as Here uit genade gekies en gered (vgl. Ef. 2). In Jesus se nuwe koninkryk is daar nie 'n party-manifes vol leë beloftes of lippetaal wat mense vals hoop gee nie, maar eerder die Saligsprekinge (vgl. Matt. 5) wat ware transformasie waarborg waar dit uitgeleef word. In Jesus se nuwe koninkryk is daar nie opruiende slagspreuke en liederere nie, maar 'n eenvoudige, dog kragtige opdrag "Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet" (vgl. Joh. 13). In Jesus se koninkryk word mense nie gekategoriseer volgens ras of kultuur nie, maar is ons almal kinders van God (vgl. Gal.3). In Sy nuwe koninkryk klim leiers van hulle trone af en trek voorskote aan om 'n voorbeeld van naastediens te stel (vgl. Gal.5).

As verantwoordelike landsburgers het gelowiges 'n plig om ook te stem en te help bou aan ons land se toekoms. Maar ons plig hou nie daar op nie. Ons verbeelding moet verder strek as die grense van 'n aardse koninkryk en beloftes van politici. Ons is medewerkers van Jesus se nuwe koninkryk. Mag hierdie wete en verantwoordelikheid ons inspireer en motiveer selfs lank nadat die "verkiesingskoors" oorgewaaai het.



Kalenderjaar of Kerkjaar:

Wat vier ons as Christene?

Kobus Sandenbergh



Suid-Afrika het baie vakansiedae. Elkeen het 'n geskiedenis en om die dag te vier, help ons om ons land se verlede te onthou. Baie van die dae is ook godsdienstige vakansiedae wat wêreldwyd saam met ander Christene gevier kan word. Die kalenderjaar begin op 1 Januarie en eindig met Oujaarsdag, maar hoe verloop die kerklike jaar?

Die Kerklike jaar is die viering van God se liefde en genade. Ons vier God se ingryping in die geskiedenis van die mensdom, waardeur Hy sy liefde sigbaar gemaak het in die lewe van sy Seun, Jesus. Daarom sentreer die kerkjaar rondom die geboorte, lewe, sterwe en opstanding van Jesus Christus. As ons dit vier, word dit deel van ons eie geestelike lewe en ook ons gemeentelêwe as ons die fees saam liturgies vier. Dit begin by Jesus se geboorte.

Advent

Kersfees is die eerste seisoen en staan in die kerk bekend as Advent. Dit is 'n seisoen vol opgewondenheid en afwagting. Dit is 'n tyd ryk aan rituele en simbole wat nie net in die kerk aan Christus se koms herinner nie, maar oor die hele wêreld. Die kommersiële fokus van die Kersvoorbereidings kan maklik die geestelike aard van die tyd verplaas, selfs in Christene se gemoed. Die gebruik van kerklike rituele en gewoontes help ons om nie ingesuijg te word deur die kultuur van ons dag of eenvoudig apaties teenoor die wêreld te staan nie.

Kleure en simbole

Die kleure vir Advent is blou en pers. Kersfees se kleure is wit en goud. Tipiese simbole van die tyd is die Alfa en Omega. Die vernaamste simbool vir Advent is lig. Die Lig kom na die wêreld.

Lydenstyd

Lydenstyd is die ses weke wat Paassondag voorafgaan. Aangesien ons Jesus se opstanding altyd op 'n Sondag vier – ook in Lydenstyd, of dalk “veral” in Lydenstyd – word die Sondag uitgesluit en vorm Lydenstyd slegs die 40 dae vanaf Aswoensdag tot Stil Saterdag, sonder die Sondag. Hierdie Sondag staan bekend as Sondag in Lydenstyd.

Die doel van Lydenstyd is voorbereiding om die gebeure van Paasaweek te vier en die betekenis daarvan so volledig as moontlik te verstaan. Daar word in hierdie tyd veral gebruik gemaak van die geestelike dissiplines van liefdadigheid, gebed en vas (vgl. Matt 6:1-18) om te help fokus op Jesus se lewe en lyding. Baie mense kies om iets wat hulle lewe aangenamer maak as vas op te gee tydens hierdie tyd, byvoorbeeld koffie, sjokolade of soetgoed, om by te dra tot hierdie fokus.

Kleure en simbole

In Lydenstyd is daar voortdurend die spanning tussen Jesus se skynbare magtelooheid en weerloosheid in die vorm van lyding, teenoor die versekering van sy identiteit as Seun van God en die almag wat daarmee saamgaan. Die liturgiese kleure en simbole wissel ook saam met hierdie spanning soos die seisoen ontvou.

Kerse kan gebruik word om by te dra tot die simboliek van Lydenstyd en Paasaweek. Daar kan byvoorbeeld ses kleiner kerse saam met die Christuskers in die liturgiese ruimte aangebring word – verkieslik op die Nagmaalstafel. Hierdie kerse kan almal brandend begin op Aswoensdag en met elke Sondag in Lydenstyd word een uitgedoof. Indien 'n Tenebraediens (diens van die skaduwees) beplan word vir Wit/Donker Donderdag, kan die kerse een vir een aangesteek word (die

NG Weltevreden finansies vertel 'n storie van

genade

Saret Britz

As 'n mens die huidige ekonomiese en maatskaplike omgewing in ag neem, is ons baie geseënd hier by NG Weltevreden. Ons bly steeds 'n gemeente wat bekend is vir "GEE" en ons begroting weerspieël ons waardes van Deernis aan Weerloses en Vreemde Gasvryheid. Hierdie waardes het inslag gevind want telkens verras gemeentelide ons wanneer hul vrymoedig gee vir ons Diens van Barmhartigheid, die harklop van ons Gemeente. Nie alles gaan altyd oor geld nie. In die komende boekjaar bou ons 'n stewige begroting in vir verhoudingsbou, waar teruggeploeg word in die gemeente in die vorm van langtafelkuiers, gemeentefunksies en -aksies.

Ons is trots op ons verbintenis met Novo Futurum, want dit dui op die omgeehart van die gemeente. Ons verstaan ook elke dag beter hoe ons verhouding met dié nie-winsgewende organisasie die gemeente se hande en voete word op plekke waar die gemeente nie sou kon kom nie.

Die jaar 2019 beloof om propvol opwindende aksies te wees waar elke gemeentelid geestelik kan groei, waar elkeen die gemeenskap kan dien en waar elkeen kan oefen om elke dag meer en meer soos Jesus te leef. NG Weltevreden sê dankie vir die bydraes wat dit moontlik maak dat ons kan "Lewe vir die Stad".

- 1 Vir die boekjaar wat in Februarie 2019 afgesluit het, was ons inkomste **R177 000** meer as waarvoor ons begroot het.
- 2 Vir die boekjaar was ons uitgawes amper **R600 000** minder as waarvoor ons begroot het.
- 3 Daarom sluit ons die boekjaar af met 'n oorskot van **R17 000**.

Wat beteken dit?


- 1 Het ons dalk te min spandeer op kritiese aksies?
- 2 Het ons meer skenkings ingekry as waarvoor begroot is?
- 3 Watter praktyke het gesorg vir verhoogde inkomste?

Die Finansiële Kommissie kyk by hul maandelikse vergaderings na tendense, waarskuwingstekens en geleenthede. In nederige afhanklikheid dra hul die finansies van die gemeente in gebed aan die Here op.

Hoogtepunte van die afgelope boekjaar

- 1 Een van die grootste gewese is die skenkings wat Novo Futurum gekry het en op daardie manier die las op die kerk se begroting verlig het.
- 2 Die basaar van 2018 het ons stoutste verwagtinge oortref – ons het ongeveer **R100 000** beter gevaar as verwag.
- 3 By die Dankfees het ons **R86 000** meer inkomste gekry as waarvoor begroot is.
- 4 Ons doelbewuste en deurlopende finansiële kommunikasie met die gemeente word positief ervaar en ons sien dat dankoffers die begrote inkomste met **R128 000** geklop het.
- 5 Ons het aansienlike skenkings bekom vir die Pretweek vir KIX-kerk – daar was dus 'n groot verligting op ons KIX-begroting vir 2018.
- 6 Daar was 'n redelike stewige hupstoot aan die batekant van die balansstaat met die aankoop van 'n nuwe bakke, die stoep van die koffiewinkel en die skenking van die plaveisel. Hieruit gaan ons nog jare se waarde kry!
- 7 Die spandering op die infrastruktuur en geboue is in lyn met ons strategie om 'n plek te wees waar mense tuis voel en waar die ruimte veilig en aantreklik is en meerdoelig aangewend kan word.

UITGAWES PER GEMEENTE-WAARDE





Mosambiek- -hande en

Wat 'n voorreg om weer deel te kon wees van die Mosambiek-uitreikspan! Daar was weer heelwat uitdagings, maar met baie bid en genade pak ons Donderdagaand 14 Maart die voertuie om Vrydag te vertrek. Die reis tot by ons eindbestemming het sonder probleme verloop. Ons arriveer Saterdagmiddag in 'n baie warm Mawayela en word hartlik verwelkom deur Gerhard en sy span.

'n Propvol program het voorgelê vir die week. Sondagoggend was ons eerste kinderbediening en daarna het ons die kerkdiens bygewoon. Middagete was by 'n plaaslike gesin met interessante nuwe disse op die spyskaart. En toe is dit movie-tyd onder die sterre met springmielies en al! Ons kyk die Jesus-film saam met baie opgewonde mense wat honger is om meer van Jesus te leer. Maandagoggend was daar 'n opleidingssessie met die jeugleiers van die gemeenskap, wat verantwoordelik is vir die kinderbediening in hulle gemeenskappe. Die res van die week doen ons twee vroue- en drie kinderbedienings. Ons tema is "You are the hands and feet of Jesus" en ons kyk na verskillende maniere waarop 'n mens die hande en voete van Jesus kan wees. In elke gemeenskap is ons met hartlikheid ontvang. Die vroue sing vir ons en die kinders giggel van opgewondenheid. Die klomp wit vroue is vir party van die mense vreemd, maar elkeen luister aandagtig wanneer die boodskap oorgedra word – eers in Engels en dan in Shangaan deur ons wonderlike tolk, Lulu.

Daar was verskeie aktiwiteite vir die kinders en vroue – prentjies inkleur, blokkies bou, krale ryg, naaldwerk doen en dan natuurlik die hoogtepunt: om geverfde hande op lappe te druk! Vir elk van die drie kinderbedienings het ons 'n tafeldoek gemaak met die kinders se geverfde hande daarop gedruk. Dit was soveel pret dat party van die kinders tot vyf keer hulle hande kom afdruk het!

Al die vroue het sakke ontvang waarop hulle hulle geverfde hande gedruk het. Die span het daarna elke vrou se hande gewas, afgedroog en met geurige handerूम ingesmeer, wat 'n buitengewone belewenis vir ons almal was.

Daar was elke dag uitdagings. Benewens die amper ondraaglike hitte het ons op plekke gery waar daar waarskynlik nog nooit 'n voertuig gery het nie. Soms was ons laat as gevolg hiervan, maar die mense het ons nooit verniet laat kom nie. Daar was altyd groot groepe mense wat met oorgawe en blymoedigheid meer van Jesus wou leer.

Ons het nie net gaan bedien nie, maar is ook in die proses bedien. Ons kan soveel by hierdie mense leer van samesyn, hulpvaardigheid, vreugde, nederigheid, dankbaarheid en vrygewigheid.

Tania van Niekerk

Wil jy jouself ontdek, jou voete terug op die aarde kry, die Here se liefde en genade sien en voel of jy 'n wonderwerk beleef? Tydens die Mosambiek-uitreik ontmoet jy mense wat met die minste tevrede is maar jou baie spesiaal sal laat voel. Jy ervaar hulle blydschap en opgewondenheid oor wat ons vir hulle vat en vir hulle doen. Dit laat 'n mens gereeld met 'n knop in die keel.

Ten spyte daarvan dat hierdie mense min besittings het, geen lopende water het nie, geen elektrisiteit nie, geen geteerde paaie nie en min reën in die gebied kry, lewe hulle steeds voluit. Hulle vertel graag hoe die Here hul lewens aanraak en hulle straal van blydschap en tevredenheid omdat ons saam in hulle kerke die Here kom dien. Ek dank die Here vir die ervaring en as dit Sy wil is, sien ek uit om volgende jaar weer deel van die span te wees.





uitreik 2019

voete vir Jesus!

Hier kry jy die beste kos vir jou siel; probeer dit gerus as die geleentheid hom voordoen.

Sean

Die uitreik na Mosambiek hierdie jaar was 'n belewenis! Ek het so baie gesien en ervaar, veral hoe wyd en ver God se genade en liefde strek. Die kerkbou was harde werk, maar ons het klaargekry ten spyte van die hitte, humiditeit en sonbrand. Die worship-dienste wat ons bygewoon het, het my met soveel verwondering oor God se mag en liefde gelaat. Selfs al kon ons mekaar nie sonder 'n tolk verstaan nie, kon ons en die Mosambiekers in Mawayela saam God se naam prys en Jesus dien. Ek weet nou hoeveel 'n glimlag en 'n handdruk kan beteken, selfs al verstaan die ander persoon jou nie en ek kyk met nuwe oë na die wêreld om my. Daar is soveel meer wat ek kan doen om te help, gee en dien, en ek is dankbaar dat God vir my die kans gegee het om op die uitreik te kon gaan.

Johan Davids

Soos ons voorberei en vra voorsien die Here in al die behoeftes: helpers, karre, waentjie, voorraad, toerusting, finansieel. Ons klim uit by kamp Mawayela en die kinders vang my oog, hierdie kinders lag almal ten spyte van hul armoede. Die span kom groet en almal is dankbaar dat ons veilig is en opgewonde oor ons koms! Ek wil net huil, want in vergelyking met hierdie mense leef ons in weelde!

Tydens die kerkdien sit ons plat op die grond en sing, bid en loof God die Vader.

Al die hande wat uitgehou word is dankbaar. Ons eet by Victoria, Mamma Sara, Jesus-film village. Hulle eet nie saam met ons nie, want daar is nie genoeg borde nie – hulle sal na ons eet. Ons werk hard aan die liefdeswerk waarvoor almal so dankbaar is. Ons sluit

elke aand af met devotion, eet heerlik aan bederfetes wat deur liefdeshande voorberei is en sluit die week af met dankbare harte. Ons het soveel geleer, soveel gedoen... en daar is nog soveel om te doen.

Wanda Tait

'n Duisend dankies!

Die Mosambiek-uitreik was baie geseënd en ons kon baie kinders en vrouens seën met die wonderlike bederfpakkies, koekies, lekkers en speelgoed wat ons gemeente so ruim gegee het. Baie dankie vir elkeen se bydrae, ook al die vriende, families en veral die Voortrekkers wat so hard gewerk het om al die boublokkies te verf wat Tannie Bokkie en Oom Pieter vir ons gemaak het. Dankie aan Marelize en haar span vir die maak van die sanitêre doekies en Tania en Wanda vir al die materiaal vir die kinderbediening. Baie dankie ook aan die span vroue wat dit alles bymekaar gebring het: Karmien, Jacqueline, Annelie, Wanda, Marelize, Rachel, Tannie Bokkie en Tania.



Kerktyd-hoender

ingestuur deur Magda Luus



My dierbare skoonpa het na my skoonma se dood een versoek gehad: Moenie Sonda se rustigheid bederf met 'n kosmakery nie! Dit was dus niks ongewoons om somer roereier en roosterbrood met 'n slaaitjie daarby te eet vir 'n Sondagmiddagmaaltyd as daar nie kuermense was nie. Een Sondagoggend lui die telefoon – kuermense vir middagete. Ons wyk skink tee en ek is die ouderlingsvrou. Toe volg dié variasie op Debbie se resep voordat ons die pad vat kerk toe.

Bestanddele

16 rou hoenderporsies
2 k rou langkorrelrys
2 pakkies hoendernoedelsop
1,5 l kookwater
2-3 groot uie, gesnipper
1 of 2 blikkies geroomde sampioene
2 k cheddarkaas, gerasper



Metode

1. Strooi die rys en uie onder in 'n gesmeerde oondpan.
2. Meng die soppoeier met kookwater en gooi oor.
3. Geur die hoenderstukke met sout, peper en hoenderspeserye en plaas dit in die pan.
4. Bedek met foelie of 'n deksel en plaas in 'n oond van 160°C.
5. Gaan kerk toe en vergeet van die kos in die oond.
6. Wanneer jy tuis kom, verwyder die deksel of foelie en plaas onder die rooster om te verbruin.
7. Skep die sampioene bo-oor en strooi kaas oor.
8. Sprinkel paprika vir ekstra kleur en geur.
9. Plaas weer terug in die oond om te verbruin.
10. Bedien met ertjies uit die vrieskas, beetslaai uit 'n bottel en 'n mengelslaai gemaak met wat jy ookal in jou yskas het.



Het jy geweet?


In Mei 1984 vind die eerste gesinskamp plaas by Kades Barnea kampterrein in Hekpoort.



Hierdie heerlike resep kom uit ons eie resepteboek, *Manna*! Vir slegs R300 kry jy meer as 120 bladsye propvol heerlike resepte, gemeente fotos, wenke en stories. Resepteboeke is beskikbaar in die kerkkantoor gedurende die week asook die Koffiewinkel op Sonda.

Onthou Moederdag is net om die draai! Bederf vir ma met 'n oulike boek!





Op Sondag 10 Maart het 37 gesinne hul piekniekmandjies gepak en vroegoggend by Achterberg bymeekaargekom vir 'n geleentheid om saam te aanbid en kuier. Die preekreeks oor Plekke van Aanbidding het ons gemotiveer om ons KIX-kwartaal af te sluit met 'n erediens in die natuur. Achterberg is geleë in die Krugersdorp-area en is bekend vir sy kampeerterrein. Met drie damme, twee swembaddens en puik geriewe is dit 'n heerlike ontspanningsterrein tussen die koppe.

Dr Neil du Plessis het ons erediens gelei. Alles het vlot verloop behalwe vir die ape wat ons onderbreek het en tot groot vermaak van die kinders snoepgoed uit 'n paar mense se mandjies gesteel het! Die kinders het na die

erediens almal roomys gekry en die grootmense het dit ook geniet om poeding te eet vóór ete! Na die erediens het baie gesinne gebraai en ander het piekniekmandjies uitgepak. Daar is heerlik oor-en-weer gekuier. Nuwe vriende is gemaak, kinders het hulself moeg gespeel en selfs die oupas en oumas het die uitstappie baie geniet. Die warmwaterswembad het groot aftrek gekry.

Sommer daar en dan is voorgestel dat ons die KIX-jaarafsluiting ook daar moet hou omdat dit so 'n besondere ervaring was. Baie dankie aan almal wat saamgekuier het. Ons hoop om almal wat hierdie geleentheid misgeloop het, by die volgende een te sien.



Christuskers brand reeds) en dan uitgedoof word met hierdie diens.

Die Christuskers self kan ook 'n simbool wees soos die kruis: met Aswoensdag en Lydenstyd kan dit 'n doringkroon of doringdraad om hê, met Goeie Vrydag gestroop word en op Paassondag omring word met blare om lewe uit te beeld of goue lint om Jesus se oorwinning uit te lig.

Aswoensdag begin met die somber askleur – grys – as simbool van ons eie menslikheid en stoflikheid. Daarna beweeg die seisoen vir die volgende vyf weke na die koninklike pers wat ook vooruitwys na Jesus se begrafnis wat kom. Met Palmsondag sien ons weer Jesus se koningskap in wit en goud en mense wat aan Hom eer bewys met palmtakke en deur hulle klere voor die donkie waarop Hy ry, te gooi – die palmtakke en klere is ook dinge wat as simbole kan gebruik word op hierdie dag.

Groot Lydensweek

Hierna begin Groot Lydensweek waar ons die laaste dae van Jesus se aardse lewe saam stap. Die kleur raak nou 'n somber swart en indien daar nog nie 'n kruis met 'n doringkroon gedurende die Lydenstyd in die liturgiese ruimte was nie, kan dit nou gebruik word. Goeie Vrydag is totaal gestroop – 'n simbool van Jesus se verlatenheid aan die kruis. Die doringkroon kan op die kruis gehou word of afgehaal word ter wille van die gestroopte ervaring van die dag.

Met Paassondag moet die hele ruimte en atmosfeer anders lyk as Vrydag. Die kleure verander weer na wit en goud om Jesus se oorwinning oor die dood aan te dui. Daar kan ook ruim gebruik gemaak word van blomme of gekleurde lappe wat 'n kleurvolle, lewendige atmosfeer skep. Lewende, groen plante in potte kan ook gebruik word om hierdie atmosfeer van lewe te skep.

Paasfees

Paasfees is die oudste Christelike fees en die enigste Christelike fees wat gedurende die eerste drie eeue na Christus gevier is. Ons hele liturgiese jaar wentel rondom Paasfees, want Paasfees wys op die duidelikste manier denkbaar God se hart vir die mensdom.

In die vroeë kerk het Pase gestrek vanaf Palmsondag tot Pinkster – vyftig dae in totaal. Die rede hiervoor was dat die Joodse Christene van die gemeente in Jerusalem die Pasga saam met die res van die Jode op die veertiende dag van Nisan gevier het. Paasfees het toe saam met die Pasga geval en Pinkster saam met die Joodse fees van die eerste oes.

Die oorfloed van Pase staan in sterk kontras met die gestrooptheid van Lydenstyd. Pase is 'n viering van die lewe. Pase en die opstanding kan egter nooit losgemaak word van Lydenstyd, Goeie Vrydag of die hemelvaart nie. Christus se sterwe, opstanding en hemelvaart is deel van die een verhaal, die een goeie boodskap. Dit vorm in sy geheel die Goeie Nuus.

Daar is drie temas wat in Paastyd sterk na vore kom: nuwe lewe vir almal; onbegrensde, oorvloedige genade; en hoop.

In Christus se opstanding oorwin die lewe die dood en skyn die lig van die opgestane Here in ons stukkende, gebroke wêreld om hoop aan die nasies te gee.

Hemelvaart

Die kerk het deur die eeue die hemelvaart as troonbestyging van Jesus gevier. Dit word altyd op die 40ste dag na Paasfees herdenk en Pinksterfees is 50 dae na Paasfees.

Pinkster

Pinkster is 'n groot hoogtepunt van die kerkjaar in die sin dat God se verlossingswerk deur die uitstorting van sy Heilige Gees verder gevoer word en gelowiges opnuut elke jaar daarvan bewus kan word. Ons vier fees oor die feit dat God Sêlf, deur die inwoning van sy Gees, ons van die waarheid van verlossing oortuig, die geloof in ons harte wek en ons daaglik in hierdie waarheid lei. Meer as dit, deur sy Gees wat in ons woon, word ons uiteindelik wat God ons geskep en geroep het om te wees deur die vrug van die Gees in ons te laat groei.

Verder het ons groot rede tot feesviering en jubelsange omdat God ons ook deur sy Gees toerus vir ons dienswerk in sy koninkryk deur aan elkeen van ons, afsonderlik, 'n geestelike gawe te skenk waarmee ons Hom in hierdie lewe kan dien en eer!

Kleure en simbole

Simbole: Duif en vuur. Kleure: Rooi, oranje en geel

Koninkrykstyl

Die tydperk ná Pinkster (middel-Junie) tot en met Advent (einde November) staan in die kerkjaar bekend as Koninkrykstyl. Dit word soms ook "Gewone Tyd" of die "Sondae na Pinkster" genoem. Dit begin op die Eerste Sondag in Koninkrykstyl (Drie-eenheidsondag – 16 Junie 2019) en loop deur tot die 24ste Sondag in Koninkrykstyl (Sondag van Christus die Koning – 24 November 2019).

Kleure en simbole

Groen en skakeringe van groen is die oorheersende kleure van die seisoen. Op Drie-eenheidsondag en Sondag van Christus die Koning is dit goud en wit. Op Hervormingsondag word rooi gebruik as simbool van die bloedvergiëting tydens die godsdiensoorloë in die tyd van die Reformasie. Ons in die Suidelike Halfrond is in die gelukkige posisie dat die latere deel van Koninkrykstyl in ons lente- en somerseisoen val wat dit moontlik maak om die liturgiese ruimte en die kerk in sy geheel, simbolies met groen te versier. In die Seisoen van die Skepping kan 'n mens ook baie met bloeisele en helderkleurige blomme doen om die skepping te vier.

Die bekendste simbool vir hierdie seisoen is die visserskuit op die see met die kruis as mas. Ander simbole is die oop Bybel, die Lam met 'n septer of staf, 'n koringaar, die drie sirkels wat die Drie-eenheid uitbeeld, die fleur-de-lis, anker of visnet. Die kroon word op Sondag van Christus die Koning as simbool gebruik en kan simbolies oor die bopunt van die kruis aangebring word.